Testpapers.co.za
Past exam papers Summaries Study Guides

# PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2024

# GRAAD 9

**EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE: DIE EKONOMIE EN ENTREPRENEURSKAP**

**(VRAESTEL 2)**

**TYD: 1 uur**

**PUNTE: 50**

**7 bladsye + ’n 6-bladsy antwoordboek**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELINGS A, B en C en is gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-wysigingsdokument en HJOP.

**AFDELING A: ALLE ONDERWERPE**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 1.1: | Pasitems | (5) |
| VRAAG 1.2: | Vul die ontbrekende woord in | (5) |
| | | **[10]** |

**AFDELING B: DIE EKONOMIE**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 2: | Ekonomiese Stelsels | (7) |
| VRAAG 3: | Ekonomiese Kringloop | (5) |
| VRAAG 4: | Prysteorie | (8) |
| | | **[20]** |

**AFDELING C: ENTREPRENEURSKAP**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 5: | Sektore van die ekonomie | (20) |
| | | **[20]** |

2. AL die vrae is VERPLIGTEND.

3. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK wat verskaf is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: ALLE ONDERWERPE

## VRAAG 1

### 1.1 PASITEMS

Kies ʼn term in KOLOM B wat ooreenstem met ʼn beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – G) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in jou ANTWOORDBOEK bv. 1.1.6 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | ʼn Punt waar die hoeveelheid en prys van die vraag en aanbod gelyk is. | A | Globalisering |
| 1.1.2 | Die hoeveelheid wat verbruikers bereid is om teen ʼn sekere prys te koop. | B | Beplande ekonomie |
| 1.1.3 | Die vrye handel van invoere en uitvoere met die buiteland. | C | Vraag |
| 1.1.4 | Totale waarde van goedere en dienste wat binne ʼn land binne ʼn sekere tydperk geproduseer word. | D | Ekwilibrium |
| 1.1.5 | ʼn Stelsel waar die regering alle besluite neem. | E | BBP |

(5 x 1) **[5]**

### 1.2 VUL DIE ONTBREKENDE WOORD/E IN

Vul die ontbrekende woorde in die spasies daarvoor oopgelaat, om die stellings hieronder te voltooi. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer in jou ANTWOORDBOEK neer bv. 1.2.6 goedere

1.2.1 Die …-stelsel is die ekonomiese stelsel wat in Suid-Afrika gebruik word. (1)

1.2.2 Die … sektor dra die meeste by tot die ekonomie. (1)

1.2.3 Massaproduksie en spesialisasie word gevind in die … sektor van die ekonomie. (1)

1.2.4 Die sektor wat grootliks ongeskoolde werkers het met ʼn paar semi-geskoolde werkers in toesighoudende rolle, word die … sektor genoem. (1)


1.2.5 Die voortdurende vloei van goedere en dienste tussen verskillende deelnemers in die ekonomie word die … genoem. (1)
**[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 10**

## AFDELING B: DIE EKONOMIE

## VRAAG 2: EKONOMIESE STELSELS

Bestudeer die volgende grafiek oor Suid-Afrika se uitvoere en beantwoord die vrae wat volg.




**[Aangepas: https://cdn.britannica.com/88/184988-049-98E63C9E.jpg]**

2.1 Definieer die term *globalisering*. (2)


2.2 Watter land is Suid-Afrika se grootste handelsvennoot? (2)

2.3 Bespreek die impak van tegnologiese innovasie en globalisering op die tipe goedere en dienste wat deur Suid-Afrika uitgevoer word. Gee EEN feit met 'n voorbeeld. (3)

**[7]**

## VRAAG 3: EKONOMIESE KRINGLOOP

Bestudeer die volgende vloeidiagram en beantwoord die vrae wat volg.




**[Eksaminator se eie skets]**


3.1 Wat is 'n ander woord vir "hulpbronmark"? (1)

3.2 Bespreek die verskillende vloeie tussen huishoudings en besighede in die ekonomiese kringloop van 'n geslote ekonomie. (2)

3.3 Noem TWEE tipes direkte belasting wat deur die regering ingevorder word. (2)
**[5]**

## VRAAG 4: PRYSTEORIE

Bestudeer die volgende vraag- en aanbodkurwes en beantwoord die vrae wat volg.




4.1 Benoem die vertikale as of x-as. (1)

4.2 Benoem die horisontale as of y-as. (1)

4.3 Hoeveel sleutelringe is verbruikers bereid om te koop teen 'n prys van R20 per sleutelring? (2)

4.4 Identifiseer is die ewewigsprys. (2)

4.5 Wat is die ewewigshoeveelheid? (2)
**[8]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: ENTREPRENEURSKAP

## VRAAG 5: SEKTORE VAN DIE EKONOMIE

Bestudeer die volgende uittreksel van Investec.com oor hoe **beurtkrag** verskillende ekonomiese sektore in Suid-Afrika raak, en beantwoord die vrae wat volg.

**Die impak van beurtkrag**

Volgens die jongste Reserwebank skattings het beurtkrag ŉ negatiewe impak van 2,15% gehad op die kwaartaallikse BBP in die derde kwartaal van die vorige jaar. Landbou, mynbou en visserye is die swaarste getref. Vooruitskattings vir die vierde kwartaal is nog nie vrygestel nie, maar die impak kan selfs hoër wees, gegewe dat beurtkrag plaasgevind het gedurende elke dag van die laaste kwartaal behalwe vir drie dae.

Onlangse nuus het gedeeltelik van die impak op die ekonomie en spesifieke sektore bekendgemaak, veral wanneer vlak 5 en 6 beurtkrag geïmplementeer word.

**2.1%**
**Negatiewe impak van beurtkrag op K3 2022 BBP**

**[Bron: https://www.investec.com/en_za/focus/economy/]**

5.1 Beskryf die tipe werk of loopbane wat in elk van die drie sektore van die ekonomie aangetref word, sluit ŉ voorbeeld van elkeen in. (6)

5.2 Verduidelik *beurtkrag* volgens jou eie begrip. (2)

5.3 Volgens die gevallestudie hierbo word mynbou, bosbou en landbou die swaarste getref deur beurtkrag. Bespreek hoekom en hoe hierdie sektore meestal deur beurtkrag geraak word. (6)

5.4 Bestudeer die volgende prente en dui aan watter sektor van die ekonomie deur elke prent voorgestel word.



**Prentjie 1**




**Prentjie 2**



**Prentjie 3**



**Prentjie 4**



**Prentjie 5**



**Prentjie 1** (6)

**[Bron: https://www.shutterstock.com]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**TOTAAL: 50**

**EINDE**